

LITURGIE  
VIR  
'N OOP  
**GESPREK**



# Liturgie vir 'n oop gesprek



## Nota

*Hierdie liturgie kan gebruik word in 'n erediens of vir groepgesprekke en vergaderings. Dit sal goed wees as daar 90 minute ingeruim kan word vir die volle liturgie. Die doel van die liturgie is om mense voor die aangesig van God te bring in 'n veilige ruimte waar hulle vanuit die Skrif kan nadink en gesprek kan voer oor die Sinode se besluit oor selfdegeslagverhoudings. Die teksgedeelte, Handeling 15, handel nie oor hierdie kwessie nie, maar oor hoe gelowiges in die geloof onderskei oor 'n saak waaroor hulle verskil. Daar word ander Bybelstudies beskikbaar gestel wat gaan oor tekste wat meer direk oor selfdegeslagverhoudings gaan.*

## **Aanvang**

### **Steek n kers aan en sê die volgende woorde:**

*Ons hele lewe en daarom ook hierdie gesprek is voor die aangesig van God, Vader Seun en Gees, wat in ons midde is en vir ons die ruimte skep waarin ons leef en laat leef, praat en luister, soek en vind. Amen.*

### **Sit n oop Bybel langs die kers neer en sê die volgende woorde:**

*Ons glo in die Bybel as die ware en volkome leer van die verlossing. Die besonderse openbaring van God wat 'n lamp vir ons voet en 'n lig vir ons pad is in die algemene openbaring van God.*

### **Sit die nagmaalbeker en broodbord langs die Bybel neer en sê die volgende woorde:**

*Ons glo in die gemeenskap van gelowiges wat mekaar langer kan vashou as wat ons kan dink, gemeenskap wat spruit uit die één Here, één geloof, één doop, één God en Vader van almal: Hy wat oor almal is, deur almal werk en in almal woon.*

## **Waardes vir die gesprek**

Daarom kom ons ooreen om voortdurend die volgende waardes van die Seisoen van Menswaardigheid te eerbiedig. (Lees die volgende waardes vir almal voor en laat hulle dit met n Amen bevestig.)

### **Liefde**

*Die liefde is geduldig, die liefde is vriendelik; dit is nie afgunstig nie, is nie grootpraterig nie, is nie verwaand nie. Dit handel nie onweloweglik nie, soek nie sy eie belang nie, is nie liggeraak nie.*

### **Respek**

*Re-spek – om weer te kyk. Om weer te sien dat ander my gelyke is, óók na die beeld van God gemaak is, óók opreg en eerlik aan die kyk is na die raaisel in die dowwe spieël.*

### **Luister**

*Om ons aannames en voorveronderstellings te laat vaar sodat ons onbevange kan hoor wat mense sê. Om seker te maak ons hoor reg. Om vir ander met ons woorde en dade te wys ons het geluister.*

### **Omarm**

*Ons leef vanuit die omarming van God wat ons toevou soos n hen haar kuikens toevou, ongeag of ons dit verdien of nie. Daarom maak ons ook ons arms en harte vir mekaar oop en hou mekaar vas, al is en dink ons verskillend.*

*Die gemeente/groep van God antwoord: Amen.*

## Litanie

**Liturg:** Here, help ons in ons soeke.

**Gemeente/ vergadering/groep:** Heer, wees ons genadig.

**Liturg:** Here, wees ons eenheid.

**Gemeente/ vergadering/groep:** Heer, wees ons genadig.

**Liturg:** Here, lei ons deur u Gees.

**Gemeente/ vergadering/groep:** Heer, wees ons genadig.

Liturg: Amen.

## Vrae

Watter emosies het die besluite van die afgelope Algemene Sinode in jou wakker gemaak?

(Jy kan die emosie-kaart onderaan die dokument gebruik en mense daardeur help om hulle emosies te verwoord.)

Vertel 'n verhaal wat jy self beleef het of wat jy by iemand anders gehoor het na aanleiding van die besluite van die Algemene Sinode.

## Bybeltyd

Lees volgens die Wandel in die Woord-proses die verhaal van die eerste kerkvergadering in Jerusalem in Handeling 15:1-21.

(Ons beveel aan dat die besluit van die Sinode oor selfdegeslagverhoudings saam met hierdie teks gelees word.)

## Gesprek in pare

Verdeel in pare. Deel met mekaar wat in die teks julle geraak het in die lig van die Sinodebesluit. Ten opsigte waarvan daag die teks jou uit? Watter vraag het by jou opgekom?

Die pare deel hulle gedagtes met die groep. (Onthou, jy gee terugvoering oor wat jy by jou broer/suster gehoor het, en nie oor wat jy self gesê het nie.)

## Refleksie

Raak stil en dink by jouself.

- *Het hierdie teksgedeelte en die gesprek jou ontwrig of bevestig?*

- *Wat het jy vandag geleer?*

- *Is daar enige aksie wat julle as groep op grond van die gesprek wil onderneem?*

## Afsluiting

Sluit die byeenkoms af met gebed deur iemand wat voorgaan of mense wat twee-twee saam bid.

# Emosie-kaart

